GEREFORMEERDE LAERSKOOL BELLVILLE

H/v Frans Conradierylaan
en Stellenbergweg
Posbus 4203
Old Oak
Bellville
7537
7530

Tel: (021) 919 7816
Faks: 086 620 6042
E-mail: dglb1@mweb.co.za

21 Julie 2016

Geagte ouers,

Baie welkom terug aan u almal na die lekker wintervakansie. Ons is die Here baie dankbaar vir sy beskerming en genade oor ons almal se lewens. Ons bede is dat Hy ons ook in die nuwe kwartaal naby sal wees en ons kragte en gesondheid sal gee om alles wat Hy van ons vra, tot sy eer te kan doen.

Nuus van die skool se kant af:

Ons het hierdie kwartaal 2 **proefstudente** vir ‘n aantal weke: juffrouens Lindi Koen en Katelynne Liebenberg, albei van Noordwes Universiteit in Potchefstroom. Hulle het reeds Maandag 18 Julie by ons aangesluit. Juffrou Lindi werk by graad 2/3 en juffrou Katelynne is by graad 6/7. Ons wens hierdie juffrouens ‘n goeie, suksesvolle en leersame tyd hier by GLB toe. Baie welkom!

Buitemuurse aktiwiteite vir gr. 4-7 begin weer DV **Maandag 25 Julie**:
Maandae: hokkie vir seuns en dogters by Hoërskool Bellville (‘n ryrooster sal weer uitgedeel word)
Dinsdae: blokfluit
Donderdae: netbal vir die meisies en sokker vir die seuns (by GLB)
In die geval van sport geld die volgende reëling: indien dit **rondom 13:00** die middag **reën**, word die sport gekanselleer. U is almal op die WhatsApp-groepies, u sal d.m.v. ‘n boodskappie daarop in kennis gestel word.
Ouers moet asb. ook self die betrokke onderwyser laat weet indien hul kind(ers) ‘n oefening nie gaan bywoon nie. Doen dit gerus per WhatsApp.

Junior sport begin reeds Donderdag 21 Julie van 13:00 – 13:45, aangesien dit deel is van die kurrikulum en dus nie as buitemuurs gesien moet word nie. Dieselfde reëling hierbo genoem geld in geval van reën **om 12:00** vir die Junior Sport.

Ons **oueraand** vir graad **R -7** is DV **Woensdag 27 Julie** vanaf **19:00**. Ons nooi u uit om die afskeurstrokie in te vul indien u graag van die onderwysers wil spreek. Indien u kind(ers) se onderwyser(s) voel dit is nodig dat hulle u spreek, sal hulle u op hoogte stel.

Ons wens graag ons leerders wat aan die Eisteddfods deelneem hierdie kwartaal, baie sterkte en sukses toe.

Die **papierkompetisie** sal weer **Maandag 25 Julie** ‘n aanvang neem. Baie dankie aan almal wat hieraan deelneem. Indien ‘n mens maar net die gemorspos en die gemeenskapskoerantjie saam met papbokse bêre, dan kan ‘n mens darem al ‘n paar kilogram bymekaar sit. Dan het ons intussen almal nuwe telefoon- en Geel Bladsye gidse ontang – stuur gerus die oues skool toe! Dit mag in die Ronnie gegooi word. Dit gaan nie net oor die ekstra fondse wat ons genereer nie, maar ook oor die voorbeeld wat ons vir ons kinders stel: ons moet die aarde oppas – dis deel van ons kultuuropdrag!

Ps 144:12 Mag ons seuns wees soos plante wat hoog groei in hulle jeug, ons dogters soos hoekpilare uitgebeitel soos vir ‘n paleis.

Nog ‘n vriendelike herinnering aan twee ander deurlopende projekte: die **Skapie-geldjie** wat u kind(ers) kan ingooi vir die verspreiding van Bybels deur Geopende Deure. En dan die **broodknippies** wat u kan bymekaar spaar sodat ons kan help om vir ‘n behoeftige maatjie ‘n rolstoel te kan koop.

Ondersteun gerus die **Inkopieprojek** wat ook hierdie week uitgestuur word. **Beskuitbestellings** kan ook nog tot **Maandagoggend** ingestuur word.

Inligting oor ons derde kwartaal se **gemeenskapsprojek** sal in ‘n volgende brief aan u gekommunikeer word.

Woensdag 3 Augustus is verkiesingsdag en die skool sal dan **gesluit** wees.

Hierdie kwartaal mag ons twee personeellede se verjaarsdae vier: meneer Erik verjaar DV Saterdag 6 Augustus en juffrou Christine verjaar DV Sondag 25 September. Ons vier meneer Erik se verjaarsdag **DV Vrydag 5 Augustus**. Dan mag die **hele skool gewone klere** aantrek en die skool **sluit** daardie Vrydag dan om **12:00.**
Juffrou Christine vier haar verjaarsdag **DV Vrydag 23 September**. Dan mag **graad 1’s gewone klere** aantrek.
Vir beide hierdie personeel sal ons ‘**n bydrae tot ‘n geskenk** baie waardeer. Stuur maar sodra u daaraan dink en merk maar net die sakkie of koevert met “meneer’ of “juffrou”.

Op **Maandag 8 Augustus** het ons ‘n **skoolvakansiedag** vanweë die openbare vakansiedag (**Vrouedag) op Dinsdag 9 Augustus.**

Laastens ‘n belangrike aankondiging: op die laaste Saterdag van die Oktober-vakansie het 3 van ons personeellede troues in Pretoria. Om hierdie personeellede en hul geliefdes kans te gee om veilig terug te ry Bellville toe, het die bestuur besluit dat die **skool vir die vierde kwartaal eers op Dinsdag 11 Oktober sal open**. Ons laat u nou reeds weet sodat daar genoeg tyd is om hiervoor te beplan i.t.v. kinders wat opgepas moet word (of dalk indien u ‘n lekker wegbreek beplan).

Ons wens en gebed is dat die Here in sy groot genade ‘n goeie, produktiewe en veilige kwartaal vir ons almal sal skenk.

Groete namens die personeel



H.H. van der Linden (skoolhoof)

Ps 144:12 Mag ons seuns wees soos plante wat hoog groei in hulle jeug, ons dogters soos hoekpilare uitgebeitel soos vir ‘n paleis.

STUUR ASB. BRIEFIE TERUG VOOR OF OP VRYDAG 22 JULIE 2016. BAIE DANKIE!

Ons / Ek _____, wil asb. Woensdag 27 Julie die volgende personeellede sien: _____ _____. Ons

O sal graag so vroeg as moontlik wil kom.
O sal graag aan die einde van die aand wil kom.
O gee glad nie om hoe laat ons op die rooster is nie.

Handtekening: _____

Voorlopige datumlys vir die derde kwartaal van 2016

Vrydag 22 Julie	Stuur asb. die oueraandbriefie terug Inkopieprojekbestelling sluit 21:00
Maandag 25 Julie	Papierkompetisie begin vir derde kwartaal Buitemuurs begin vir gr. 4-7 Beskuitbestellings kan tot 10:00 ingestuur word
Woensdag 27 Julie	Oueraand gr. R - 7
Woensdag 3 Augustus	Verkiesingsdag, skool gesluit
Vrydag 5 Augustus	Meneer Erik vier sy verjaarsdag, almal mag gewone klere aantrek en die skool sluit om 12:00
Maandag 8 Augustus	Skoolvakansiedag
Dinsdag 9 Augustus	Publieke vakansiedag: Vrouedag
Vrydag 12 Augustus	Graad 7's reël sprekersaand, inligting volg
Woensdag 7 September	Sportfoto's en graad R-gradeplegtigheid foto's
Vrydag 23 September	Juffrou Christine vier haar verjaarsdag, gr 1's trek gewone klere aan
Sondag 25 September	Juffrou Christine verjaar.
Dinsdag 27 September	Papierkompetisie sluit
Vrydag 30 September	Skool sluit 11:00, koekverkoping
Dinsdag 11 Oktober	**Skool open vir vierde kwartaal**

Ps 144:12 Mag ons seuns wees soos plante wat hoog groei in hulle jeug, ons dogters soos hoekpilare uitgebeitel soos vir 'n paleis.